*Melissa Botma*

## EF 2:4-5,10, 19-20 ANV

God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak... God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het... So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God... in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê en dit in oorvloed kan hê" (Johannes 10:10).

"God het ons die ewige lewe gegee, en hierdie lewe is in sy Seun" (1 Johannes 5:11).

EN julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes... (Efesiers 2:1)

## 1.GROEI IN VRIENDSKAP MET HOM

Ek noem julle nie meer diensknegte nie, Maar Ek het julle vriende genoem...Joh. 15:15
Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Ef 2:4
Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Ef 2:5

## 2.GROEI IN VRIENDSKAP MET ANDER

So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God... in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees. Ef 2:19,22

## 3.GROEI IN GOEIE WERKE

Die Gees werk in elkeen van ons op 'n unieke manier. Die doel daarvan is egter dat ons vir ander mense iets moet beteken. Daar is baie verskillende maniere waarop die Gees in ons kan werk. 1 Kor 12:7
"...Moenie dink dit is julle wat so goed is nie. Nee, dit is God wat eintlik so goed vir julle is. Daarom moet julle julle talente gebruik om ander te help..." 1 Pet 4:10

